



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

2017

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit:

AFDELING A: (25 punte)
AFDELING B: (75 punte)
AFDELING C: (50 punte)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. MOENIE in die regterkantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
6. Laat 'n reël oop na ELKE subvraag.
7. Daar word gewoonlik 'n punt per feit toegeken. Dus sal 'n 2 punt-vraag TWEE feite vereis, ensovoorts.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1–1.10) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–D) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

VOORBEELD:

1.11

 A B C D

- 1.1 Watter EEN van die volgende opsies beskryf ETG ('RAM') die beste?
A Permanent
B Tydelik
C Multikern
D Deel van SVE ('CPU') (1)
- 1.2 OKH('OCR')-sagteware maak voorsiening vir die ...
A verkryging van 'n redigeerbare weergawe van 'n geskandeerde dokument.
B bestel van drukvoorraad.
C installering van drywers.
D stoor van 'n woordverwerkingsdokument as 'n webblad. (1)
- 1.3 Watter EEN van die volgende toestelle laat 'n rekenaar toe om veilig af te skakel in geval van 'n kragonderbreking?
A USB
B GVE ('GPU')
C KTE ('PSU')
D OKT ('UPS') (1)
- 1.4 Watter EEN van die volgende dataoordrag-tegnologieë pas NIE by die ander NIE?
A Wi-Fi
B 3G
C Vesel ('Fibre')
D LTE (1)
- 1.5 Dieselfde toepassing kan gebruik word om die lêertipes ... oop te maak.
A MP3 en PNG
B DOCX en RTF
C EXE en PDF
D ISO en ACCDB (1)

1.6 Uitgebreide gebruik van IKT's het tot ... gelei.

- A minder advertensies
- B 'n afname in verwerkingspoed
- C 'n verlangsaming van die ekonomie
- D telependel ('telecommuting') (1)

1.7 Sosiale manipulasie ('social engineering') behels NIE ... NIE.

- A die gelyktydige uitvoer van meervoudige programme
- B om oor iemand se skouer na die skerm te kyk
- C 'n omstander wat by 'n OTM hulp aanbied
- D die ontvang van e-pos vanaf vreemdelinge (1)

1.8 Plagiaat kan as gedefinieer word.

- A die beskerming van intellektuele regte
- B toestemming aan ander mense om jou werk te gebruik,
- C voorgee dat iemand anders se werk jou eie is,
- D ongemagtigde toegang tot inligting (1)

1.9 Watter konsep word deur die prentjie hieronder voorgestel?



- A Hardeware
- B Ergonomie ('Ergonomics')
- C Kuberkrakery ('Hacking')
- D Biometrika (1)

1.10 Watter EEN van die volgende formules gee die afvoer in sel C2 hieronder:

	A	B	C
1	Name	Grade	Code
2	Cebo	12	Ce12

- A =CONCATENATE(RIGHT(A2,2),B2)
- B =CONCATENATE(LEFT(B2,2),A2)
- C =CONCATENATE(LEFT(A2,2),B2)
- D =CONCATENATE(MID(A2,2,2),B2) (1)

[10]

VRAAG 2: PASITEMS

Kies 'n term/begrip uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–T) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 U.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	'n Program in 'n kantoorpakket waar die afkopieer('copy-down')/outovul('auto-fill')-eienskap meer waarskynlik gebruik sal word	A	ICASA
		B	SVE ('CPU')
		C	partydigheid ('bias')
2.2	'n Monitor-spesifikasie wat beeldkwaliteit aandui	D	databasis
2.3	'n Noodsaaklike komponent van 'n rekenaartoestel	E	oorgeërfde vormkontroles ('legacy form controls')
2.4	'n Bewerkingsteken wat 'n gebruiker toelaat om twee waardes in voorwaardelike funksies te vergelyk	F	webkamera ('webcam')
		G	AND
2.5	'n Kriterium wat gebruik word om na te gaan of die bron van inligting objektief is	H	60 Hz
		I	teenswoordigheid ('currency')
2.6	'n Tegnologie wat help om veiligheidsbedreigings in 'n netwerk te voorkom	J	resolusie
		K	HTTPS
2.7	'n Maatskappy wat Internetkonnektiwiteit verskaf	L	infrastruktuurkoste
		M	sigblad
2.8	'n Moontlike nadeel van die gebruik van wolkdienste ('cloud services')	N	Wi-Fi-hardeware
2.9	'n Protokol wat dit vir 'n kuberkraker ('hacker') moeiliker maak om te sien wat 'n gebruiker aanlyn doen	O	afstand
		P	kommer oor privaatheid
2.10	'n Beperking van Bluetooth vir dataoordrag	Q	netskans ('firewall')
		R	FTP
		S	groter as (>)
		T	IDV ('ISP')

(10 x 1)

[10]

VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is. Verander die onderstreepte woord(e) om die stelling WAAR te maak. (Jy mag nie maar net die woord 'NIE' gebruik om die stelling te verander nie. GEEN punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR neergeskryf word NIE.)

VOORBEELDE:

VRAAG	ANTWOORD
<u>Google</u> is die wêreld se gewildste soekenjin.	Waar
'n <u>NKK ('NIC')</u> het gleuwe vir hardeware-komponente, soos die SVE ('CPU').	Onwaar – moederbord


- 3.1 Facebook is die grootste aanlyn ensiklopedie sonder winsmotief. (1)
- 3.2 Antivirus-opdaterings ('Antivirus updates') maak bekende programfoute ('bugs') reg. (1)
- 3.3 Die SUMIF-funksie is 'n alternatief vir die gebruik van geneste IF-stellings. (1)
- 3.4 Om die grootte van aanhegels te verklein en om nie in hoofletters te tik nie, is uitvissings('phishing')-reëls. (1)
- 3.5 'n Minus-bewerkingsteken voor 'n sleutelwoord sal soekresultate wat daardie woord bevat, uitsluit. (1)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B**VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË**

- 4.1 Wat is die verskil in funksie tussen die Ctrl-X- en Ctrl-C-sleutelbordkortpaaie? (1)
- 4.2 Wat is die funksie van die 'Recycle Bin' op die werkskerm ('desktop')? (1)
- 4.3 Noem 'n voordeel van verspreide rekenarisering ('distributed computing'). (1)
- 4.4 Lêers met 'n HTML-uitbreiding maak in Notepad in plaas van op 'n webblaaier oop.
Stel 'n moontlike oplossing vir hierdie probleem voor. (1)
- 4.5 Noem TWEE toestelle wat 'n rekenaar toelaat om met ander rekenaars te kommunikeer. (2)
- 4.6 Stel 'n manier voor om 'n lêergids ('folder') by 'n lêer ('file') te voeg. (1)
- 4.7 Skep 'n sterk wagwoord deur ten minste VIER reëls toe te pas. (MOENIE die reëls verduidelik NIE.) (4)
- 4.8 Daar is verskillende maniere om 'n monitor aan 'n rekenaar te koppel. Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.8.1 Wat is die naam van die komponent waarop jy die drie poorte wat hierbo gewys word, sal vind? (1)
- 4.8.2 Benoem die poort wat in die middel gewys word. (1)
- 4.8.3 Noem TWEE nadele van die poort aan die regterkant. (2)
- 4.9 Watter tipe toevoertoestel word gebruik om natuurlike handskrif vas te lê? (1)
- 4.10 Waar vind mens in die algemeen nuwe toeps ('apps') vir 'n draagbare ('mobile') toestel? (1)
- 4.11 Jy het 'n toep ('app') afgelaai wat toestemming vra om toegang tot sommige data en eienskappe op jou draagbare ('mobile') toestel te verkry.
Motiveer waarom jy NIE sekere toestemmings aan 'n toep sou verleen NIE. (2)
- 4.12 Noem TWEE hardware-spesifikasies om te oorweeg wanneer jy 'n tafelrekenaar koop, wat jou tafelruimte sal bespaar. (2)

- 4.13 Noem TWEE kriteria, buiten die lêernaam, wat jy in Windows Explorer kan gebruik om na 'n lêer te soek. (2)
- 4.14 Verduidelik die doel van stelsel-nutsprogramme ('system utilities') en gee 'n voorbeeld. (2)

[25]**VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË**

- 5.1 Noem die toestel wat 'n LAN aan die Internet koppel. (1)
- 5.2 Gee TWEE voordele van 'n lêerbediener ('file server') in 'n netwerk. (2)
- 5.3 Noem TWEE tipes netwerktegnologieë wat skootrekenaars ('notebook computers') ondersteun. (2)
- 5.4 Jy het twee skakelaars ('switches') wat elk vier Ethernet-poorte het.
Hoe sal jy te werk gaan om ses rekenaars in 'n netwerk te koppel deur slegs hierdie twee skakelaars te gebruik? (2)
- 5.5 Waarom sou 'n 10 Mbps-ADSL-lyn nie geskik wees vir iemand wat 'n oplaai-bandwydte ('upload bandwidth') van 10 Mbps benodig nie? (2)
- 5.6 Waarom sou jy 'n e-pos met 'n vlaggie/ster merk? (1)
- 5.7 Stukkende hiperskakels op webtuistes het 'n negatiewe invloed op die gebruikerservaring.
- 5.7.1 Watter aspek van 'n webtuiste kan in gevaar gestel word as dit stukkende hiperskakels het? (1)
- 5.7.2 Gee TWEE redes vir stukkende hiperskakels op 'n webblad. (2)
- 5.8 Wat is die minimum getal deelnemers in 'n kletskamer ('chat room'), gegewe die doel daarvan? (1)
- 5.9 Hoe verskil die Internet van die Wêreldwye Web ('World Wide Web')? (1)

[15]


VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

- 6.1 Waarom moet 'n mens die URL's van webtuistes wat jy vir jou navorsing gebruik het, by jou bibliografie insluit? (1)
- 6.2 Die volgende lys is uit 'n rekordblad ('record sheet') geneem:

Naam en Van	Graad	Taak 1
		40 punte
Lungisa Mbongwe	12	35
Songela Dumisa	12	12
Hendrik Williams	12	16
Zodwa Cele	12	42
John Mokoena	12	36
Gemiddeld	12	28.2

Identifiseer TWEE foute in die rekordblad hierbo wat 'n invloed op die kwaliteit van die inligting het. (2)

- 6.3 Noem TWEE voordele daarvan om data in 'n databasis, eerder as in 'n sigblad, te organiseer. (2)
- 6.4 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 6.4.1 In watter jaar het die meeste leerders met graadstudietoelating geslaag? (1)

- 6.4.2 Identifiseer TWEE neigings ('trends') wat in die grafiek gesien word. (2)
- 6.4.3 Wat toon die neigings, wat deur die grafiek voorgestel word, oor die gehalte van die skool se resultate? (1)
- 6.4.4 Maak EEN aanbeveling, gebaseer op die inligting in die grafiek. (1)
- [10]**

VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

- 7.1 Definieer *aanlyn identiteitsdiefstal*. (1)
- 7.2 Gee TWEE voorbeelde van 'n situasie waar die reg op toegang tot inligting belangriker as die reg op privaatheid kan wees. (2)
- 7.3 Noem TWEE negatiewe implikasies van 3D-drukkers wat al hoe algemener word. (2)
- 7.4 Beveel TWEE strategieë aan om sosiale oproerigheid met die gebruik van IKT's te beheer. (2)
- 7.5 'n Bekende slimfoonvervaardiger moes onlangs toestelle wat ontplof van die wêreldmark onttrek.
- 7.5.1 Noem EEN voordeel wat die onttrekking van die foutiewe toestelle vir die samelewing het. (1)
- 7.5.2 Wat is 'n moontlike negatiewe uitwerking van hierdie onttrekking op verbruikers? (1)
- 7.5.3 Hoe sal hierdie insident waarskynlik die vervaardiger beïnvloed? (1)
- [10]**

VRAAG 8: OPLOSSINGONTWIKKELING

- 8.1 Noem TWEE eienskappe wat sigblad- EN databasis-toepassings deel om die akkuraatheid van data te verseker. (2)
- 8.2 Wat is die uitwerking van die gebruik van die sigblad se 'Format as Table'-eienskap op 'n selreeks? (2)
- 8.3 Gee 'n voorbeeld van 'n sigbladfunksie wat slegs die desimale gedeelte van 'n getal afsny. (1)
- 8.4 Noem TWEE algemene probleme wanneer data van 'n CSV-lêer na 'n databasis ingevoer word. (2)
- 8.5 Watter TWEE outomatiese verwysingseienskappe ('automatic referencing features') van 'n woordverwerkingstoepassing is slegs beskikbaar as die 'Manage Sources'-eienskap gebruik is? (2)
- 8.6 'n Opskrif wat later in 'n dokument gevoeg is, verskyn nie in die outomatiese inhoudsopgawe ('automatic table of contents') nie.
Noem TWEE stappe om te volg om te verseker dat hierdie nuwe opskrif in die outomatiese inhoudsopgawe sal verskyn. (2)
- 8.7 'n Prent op 'n webblad wat jy geskep het, vertoon nie ten volle in die deurblaaier ('browser') nie.
Stel TWEE maniere voor om te verseker dat die prent heeltemal sigbaar is. (2)
- 8.8 Die volgende HTML-kode is uit 'n werkende HTML-dokument geneem:
<table>
<tr><td></td></tr>
</table>
- 8.8.1 Hoeveel selle behoort in die eerste ry vertoon te word? (1)
- 8.8.2 Waarom sal hierdie kode niks in die webblaaier vertoon nie? (1)
- [15]**

TOTAAL AFDELING B: 75

AFDELING C: GEÏNTEGREERDE SCENARIO**VRAAG 9**

Jou gemeenskap het 'n gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) gestig. Die voorsitter van die forum het jou gevra om te help om hulle IKT-stelsel te verbeter.

9.1 Die GPF-kantoor het drie rekenaars vir administratiewe werk. Hierdie rekenaars het die volgende spesifikasies:

- Intel Dual Core 1.2 GHz
- 1 GG ('GB') ETG ('RAM')
- 240 GG ('GB') HDD
- DVD-skrywer
- 15" LED-skerm 800 x 600
- Sleutelbord en muis
- Windows 7

9.1.1 Hierdie rekenaars is nogal stadig. Stel TWEE maniere voor waarop hulle werkverrigting verbeter kan word. (2)

9.1.2 Die muis op een van die rekenaars werk nie. Bespreek hoe jy te werk sal gaan om na te gaan wat die probleem kan wees. (1)

9.1.3 Die rekenaars kan tans nie kabelleos in 'n netwerk gekoppel word nie. Noem TWEE toestelle wat as komponente by die rekenaars gevoeg kan word om kabelleose kommunikasie moontlik te maak. (2)

9.1.4 Noem TWEE maniere waarop 'n mens kan weet dat hierdie rekenaars oud is. (2)


9.2 Die GPF het besluit om 'n waarnemingstelsel ('surveillance system') te installeer wat kameras in hulle kantoor sal gebruik. Alle video's sal op hardeskywe ('HDDs') gestoor word.

9.2.1 Verduidelik waarom die GPF hoëkapasiteit-hardeskywe ('high-capacity hard drives') moet aankoop. (1)

9.2.2 Stel EEN manier voor om die situasie te hanteer wanneer al die hardeskywe vol is, maar die opname moet voortgaan. (1)

9.2.3 Noem TWEE nadele daarvan om kabelleose kameras te gebruik. (2)

- 9.3 Die GPF gebruik sosiale media om met gemeenskapslede te kommunikeer.
- 9.3.1 Gee TWEE redes waarom dit nie 'n goeie idee is om misdaadslagoffers op sosiale media te bespreek nie. (2)
- 9.3.2 Verduidelik waarom dit goed sal wees om WhatsApp te gebruik om inwoners van moontlike bedreigings bewus te maak. (2)
- 9.3.3 Watter tipe sagteware kan gebruik word om blinde inwoners te help om toegang te verkry tot die inhoud van teksboodskappe? (1)
- 9.4 Gee TWEE redes waarom dit 'n goeie idee vir die GPF sou wees om hulle data na 'n wolksdiens ('cloud service') te rugsteun. (2)
- 9.5 Inwoners se persoonlike besonderhede is in 'n databasis vasgelê. Die voorsitter wil hê dat jy hierdie data moet analiseer.
- 9.5.1 Noem TWEE databasiseienskappe wat gebruik kan word om die getal vroue ouer as 60 jaar, te bepaal. (2)
- 9.5.2 Wat is die voordeel van die gebruik van 'n toevoervorm ('input form') in plaas van 'n tabel in Datasheet View, om data vas te lê? (1)
- 9.6 Bestudeer die grafiek oor misdaadstatistiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 9.6.1 Stel DRIE maniere voor om die grafiek makliker te maak om te verstaan. (3)
- 9.6.2 Waarom sou 'n sirkelgrafiek ('pie graph') nie geskik wees om hierdie inligting voor te stel nie? (1)

[25]

VRAAG 10

Jou vriende beplan 'n toer na die Kangogrotte. Hulle het jou raad nodig oor hoe om hulle ondervinding met behulp van IKT's meer genotvol te maak.

- 10.1 Jou vriende wil 'n motor in Oudtshoorn huur.
- 10.1.1 Noem 'n tipe sagtewaretoeëpassing wat jy nodig het om 'n motor op 'n verhuringsagentskap se webtuiste te bespreek. (1)
 - 10.1.2 Hoe sou jy 'n motor op 'n draagbare ('mobile') toestel bespreek sonder om die verhuringsagentskap se webtuiste te gebruik? (1)
 - 10.1.3 Noem TWEE maniere om die verskillende plekke wat jy besoek, op jou draagbare ('mobile') toestel vas te pen ('pinpoint') sodat jy later op 'n kaart daarna kan kyk. (2)
 - 10.1.4 Hoe kan IKT's jou help om met jou huurmotorbestuurder te kommunikeer as hy nie jou taal praat nie? (1)
- 10.2 Jou vriende wil dalk 'n plaaslike koffiewinkel op pad na die Kangogrotte besoek. Jy het aanlyn aanwysings na 'n koffiewinkel gevind.
- 10.2.1 Noem TWEE nadele daarvan om aanlyn aanbevelings te volg as 'n manier om 'n goeie koffiewinkel te vind. (2)
 - 10.2.2 Gee TWEE tegniese redes waarom 'n betaling wat jy met 'n draagbare ('mobile') foon maak, onsuksesvol kan wees. (2)
 - 10.2.3 Bespreek TWEE maniere waarop jy jouself daarteen kan beskerm om 'n slagoffer van bankkaartbedrog by die koffiewinkel te word. (2)
- 10.3 Jou vriende sal hulle slimfone in die grotte gebruik.
- 10.3.1 Gee TWEE redes waarom die beeldkwaliteit van 'n slimfoonkamera swakker as die beeldkwaliteit van 'n professionele kamera (DSLR) is. (2)
 - 10.3.2 Waarom kan jou vriende nie 'n kaart-toep ('map app') vir outomatiese draai-na-draai-aanwysings binne die grotte gebruik nie? (1)
 - 10.3.3 Noem TWEE tegnieke om ongewenste dele uit 'n foto te verwyder nadat dit geneem is. (2)

- 10.4 Jou vriende wil gereeld kontak met hulle gesinne maak.
- 10.4.1 Noem TWEE voordele daarvan om Wi-Fi-toegangspunte ('hotspots') te gebruik om VoIP-oproepe te maak. (2)
- 10.4.2 Bespreek TWEE sekuriteitskwessies wat met Wi-Fi-toegangspunte geassosieer word. (2)
- 10.4.3 Gee TWEE redes waarom jou vriende NIE satelliet-breëband tydens hul reis behoort te oorweeg NIE. (2)
- 10.4.4 Wat kan die rede vir swak videogehalte van 'n Skype-oproep wees, as daar geen probleme met bandwydte of konnektiwiteit is nie? (1)
- 10.4.5 Hoe kan jy toegang tot al die jou vriend se reisfoto's op sy wolkrekening ('cloud account') kry? (2)
- [25]**
- TOTAAL AFDELING C: 50**
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

2017

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.

VOORSTELLE EN AANBEVELINGS VIR NASIENERS

- Verwys dikwels terug na die vrae en hierdie memorandum gedurende die nasiensessie.
- Dit is raadsaam om die vraag dikwels te lees (en te herlees) saam met die kandidaat se antwoord om na te gaan of dit korreleer. Moenie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Wees versigtig om nie op sleutelwoorde of algemene stellings te fokus nie, maar lees eerder die hele antwoord. As jy twyfel, lees die hele antwoord, dan die vraag in die vraestel en die antwoord in die memorandum. Vra jouself of jou senior nasiener of die antwoord in lyn is met die memorandum voordat die korrekte punte aan die kandidaat toegeken word. Byvoorbeeld, die memorandum dui 'goedkoop' aan en die kandidaat se antwoord is 'nie duur nie'.
- Wees bedag op antwoorde op 'n spesifieke vraag wat oorvleuel. In die algemeen word EEN punt per feit toegeken.

AFDELING A**VRAAG 1: MEERVOUDIGE KEUSE**

1.1	B	✓	1
1.2	A	✓	1
1.3	D	✓	1
1.4	C	✓	1
1.5	B/A	✓	1
1.6	D	✓	1
1.7	A	✓	1
1.8	C	✓	1
1.9	B	✓	1
1.10	C	✓	1
Totaal: [10]			

VRAAG 2: PASITEMS

2.1	M	✓	1
2.2	J	✓	1
2.3	B	✓	1
2.4	S	✓	1
2.5	C	✓	1
2.6	Q	✓	1
2.7	T	✓	1
2.8	P	✓	1
2.9	K	✓	1
2.10	O	✓	1
Totaal: [10]			

VRAAG 3: WAAR OF ONWAAR

(Nota aan nasiener: Aanvaar die korrekte term in VRAAG 3.1, 3.2, 3.3 en 3.4, selfs al verskyn die woord ONWAAR nie. Geen punt word toegeken indien net die woord ONWAAR neergeskryf is nie.)

3.1	ONWAAR, Wikipedia	1
3.2	ONWAAR, regstellings ('patches')/dienspakette ('service packs')	1
3.3	ONWAAR, VLOOKUP/HLOOKUP/LOOKUP	1
3.4	ONWAAR, netiket ('netiquette')	1
3.5	WAAR	1
		[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

4.1	<ul style="list-style-type: none"> • Ctrl-X vee uit/knip ('cut') die geselekteerde teks • Ctrl-C vee nie die geselekteerde teks uit nie/Maak 'n kopie van die geselekteerde teks <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		(1)
4.2	Stoor/herstel (restore) lêers wat uitgevee is ✓		(1)
4.3	<ul style="list-style-type: none"> • Beter performance as 'n enkele stelsel • Kombineer die verwerkingskrag van baie masjiene • Kan die verwerkingskrag laat toeneem soos nodig. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		(1)
4.4	<ul style="list-style-type: none"> • Verander die verstektoëpassing wat die lêertipe onder bespreking oopmaak/'Open With' • Installeer die deurblaaier weer <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		(1)
4.5	<ul style="list-style-type: none"> • Roeteerder ('Router') • Modem • Wi-Fi-kaart/NKK ('NIC') • 3G/4G dongel • Bluetooth dongel <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		(2)
4.6	Voeg die lêergids ('folder') by 'n argief ✓ <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar geldige voorbeelde van argief-lêeruitbreidings soos ZIP, RAR, ens.)</i>		(1)
4.7	Voorbeeld: Gi2b\$ (Nota aan nasiener: Gebruik die punte hieronder om die wagwoord wat deur die leerder gegee is te merk) <ul style="list-style-type: none"> • Bokas • Onderkas • Syfer • Spesiale karakter • Lengte van minstens 7 karakters <p style="text-align: right;">✓✓✓✓ (Enige vier)</p>		(4)

4.8.1	Grafika-/Videokaart✓ (Nota aan nasiener: Aanvaar moederbord en enige komponent wat na vertoon verwys.)	(1)	
4.8.2	HDMI✓ (Nota aan nasiener: Aanvaar USB)	(1)	
4.8.3	<ul style="list-style-type: none"> • Op pad uit/Verouderd • Ondersteun nie klank nie • Ondersteun nie hoë resoluëie video nie • Ondersteun nie hoër verfrissingstempo's nie • Die analogseïn is meer geneig tot steurings • Buigbare pennetjies op die koppelstuk <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	(2)	(4)
4.9	Stilus/Grafika tablet/Digitale tablet /digitale penne/'Smart' penne/Aanraak skerm/✓ (Nota aan nasiener: Aanvaar skandeerder of skandeertoestel, bv. Faks na e-pos.)		(1)
4.10	Toepwinkel(App Store)/Playstore ✓ (Nota aan nasiener: Aanvaar enige voorbeeld van 'n toepwinkel.)		(1)
4.11	<ul style="list-style-type: none"> • Sekuriteits- of privaatheidskwessies • Batterylewe • Datagebruik <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige een voorbeeld vir elkeen van die bogenoemde)</p>		(2)
4.12	<ul style="list-style-type: none"> • Alles-in-een PR • Geïntegreerde aanraakblad op die sleutelbord • Kompakte sleutelbord • Kabellose randtoestelle • Aanraakskerms/monitors <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		(2)
4.13	<ul style="list-style-type: none"> • Datum • Grootte • Tipe/uitbreiding • Ligging (Location) • Inhoud • Outeur <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige twee voorbeelde van metadata.)</p>		(2)

4.14	Voer algemene onderhoudstake uit ✓ EN <ul style="list-style-type: none">• Defragmenteer ('Defrag'/'Optimise')• Foutopsporing ('Error checking')• Skyfskoonmaak ('Disk cleanup')• System restore• Task scheduler, ens. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		(2)
			[25]

VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIË

5.1	Roeteerder(3G or LTE dongel)/Modem✓		(1)
5.2	<ul style="list-style-type: none"> • Sentralisering van data/Deel van lêers • Toeganklik vanaf enige plek op die netwerk • Spaar stoorspasie op werkstasies 	✓✓ (Enige twee)	(2)
5.3	Gekabel ✓ en Wi-Fi/kabelloos✓		(2)
5.4	Om die skakels ('switches') aan mekaar te koppel ✓ (sal een poort elk gebruik) Koppel die rekenaars aan die oorblywende poorte/Drie poorte is dan op elke skakel beskikbaar vir ses rekenaars ✓		(2)
5.5	Die oplaai✓-bandwydte is altyd laer ✓ as die aflaai-bandwydte van 'n ADSL-lyn OF Aflaai en oplaai bandwydte/spoed is nie dieselfde (op 'n ADSL-lyn) nie ✓ (on an ADSL line) Oplaai bandwydte is laer as aflaai/Aflaai bandwydte is hoër as oplaai ✓		(2)
5.6	Om aan te dui dat dit 'n belangrike e-pos is/Om later weer na die gemerkte (vlaggie/sterretjie) e-pos terug te keer ✓		(1)
5.7.1	<ul style="list-style-type: none"> • Navigasie deur webblaaie • Die aflaai van hulpbronne 	✓ (Enige een)	(1)
5.7.2	<ul style="list-style-type: none"> • Fout in die kode • Die hulpbron op die afgeleë rekenaar is nie beskikbaar nie • Verwys na die verkeerde hulpbron/Spelfout in bronnaam 	✓✓ (Enige twee)	(2) (3)
5.8	Twee ✓		(1)
5.9	<ul style="list-style-type: none"> • Internet is 'n wêreldwye rekenaarnetwerk wat die WWW moontlik/toeganklik maak • WWW is 'n versameling van webruimtes wat op die Internet toeganklik is 	✓ (Enige een)	(1)
			[15]

VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

6.1	<ul style="list-style-type: none"> • Om die bron van die inligting te verifieer • Om die akkuraatheid van die inligting te kontroleer • Om na te gaan of die inligting opgedateer is <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		(1)
6.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die gemiddeld in die Graad-kolom maak nie sin nie • Zodwa Cele het meer as die maksimum punte • Die gemiddeld vir Taak 1 is nie betroubaar nie as gevolg van GIGO/foutiewe toevoer • Naam en van in dieselfde sel (Kan nie volgens net een gesorteer word nie) <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		(2)
6.3	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Databasis is vinniger as 'n sigblad vir groot datastelle • Moontlik om navrae op meervoudige datatipes uit te voer • Verslae laat 'n meer leesbare formaat toe/gebruikersvriendelike aanbieding van inligting • Databasis is meer veranderbaar/Het die vermoë om maklik groter te word as gevolg van 'n goed gedefinieerde struktuur, bv. datatipes, ens. <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		(2)
6.4.1	2013✓	(1)	
6.4.2	<ul style="list-style-type: none"> • Getal graadstudietoelatings ('Bachelor passes') daal • Slaagsyfer styg • Die gaping tussen die twee vergroot <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	(2)	
6.4.3	Die kwaliteit van die resultate is nie goed nie ✓ ten spyte van die stygende slaagsyfer	(1)	
6.4.4	Vind 'n manier om die getal graadstudietoelatings ('Bachelor passes') te verbeter ✓ <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige besondere voorstel van 'n strategie om die getal graadstudietoelatings ('Bachelor passes') te verbeter, bv. onderwysersopleiding, ekstra klasse, ens.)</i>	(1)	(5)
			[10]

VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

7.1	Gee voor om iemand anders te wees ✓ wanneer aanlyn pos		(1)
7.2	Aanvaar enige voorbeeld waar die reg tot inligting belangriker as die reg tot privaatheid is: <ul style="list-style-type: none"> • Kindermolesteerders op die Internet kan nie daarop reken dat hulle privaatheid beskerm word nie • Terroriste wat IKT's gebruik om planne te beraam om mense seer te maak/eiendom te beskadig • Maatskappye wat belasting ontduik • Handelaars op die 'dark web', ens. <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		(2)
7.3	<ul style="list-style-type: none"> • Gevaarlike voorwerpe kan maklik gedupliseer word • Kopieregkwessies • Ontwrigting van die formele vervaardigingsektor/Verlies aan werksgeleenthede <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		(2)
7.4	<ul style="list-style-type: none"> • Massa bewaking/toesig ('surveillance') • Deursigtigheid in die deel van inligting deur staatsdepartemente • Blokkeer/Stop/Ondervang vals nuus • Blokkering van Internettoegang deur die owerhede, ens. <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		(2)
7.5.1	<ul style="list-style-type: none"> • Dit het 'n voordeel vir die veiligheid van verbruikers • Verbruikers sal beter kwaliteitprodukte ontvang • Vervaardigers neem verantwoordelikheid vir die swak kwaliteit van produkte <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	(1)	
7.5.2	<ul style="list-style-type: none"> • Minder kompetisie/Minder keuse • Hoër pryse • Uitrol/Bekendstelling van vernuwing/Nuwe eienskappe mag stadiger wees, ens. <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	(1)	
7.5.3	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeter die toekomstige kwaliteitskontrole • Verbeter tegnologie om probleme in die toekoms te voorkom • Mag menslike hulpbronne herorganiseer • Beskadig die handelsmerk se reputasie • Verlies aan inkomste/Verlies aan klante <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	(1)	(3)
			[10]

VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING

8.1	Datavalidering✓ Dataformaat/Datatipe✓		(2)
8.2	<ul style="list-style-type: none"> Die kolomopskrifte en rye kry 'n mooi formaat Kolomopskrifte word gemaak as die reeks nie opskrifte het nie 'n Benoemde reeks ('named range') word uit die geselekteerde selreeks geskep 	✓✓ (Enige twee)	(2)
8.3	<ul style="list-style-type: none"> TRUNC INT ROUNDDOWN 	✓ (Enige een)	(1)
8.4	Kolomopskrifte word as 'n rekord behandel.✓ 'n Nommer datatipe word outomaties aan teksvelde soos ID en telefoonnommers toegeken.✓		(2)
8.5	Aanhalings ('Citations')✓ Bibliografie✓		(2)
8.6	<ul style="list-style-type: none"> Pas geskikte styl op die opskrif toe Pas Inhoudsopgawe-eienskappe aan om 'n ander styl in te sluit Dateer die inhoudsopgawe op 	✓✓ (Enige twee)	(2)
8.7	<ul style="list-style-type: none"> Verander die grootte van die webblaaier Verander die beeldresolusie Verander die grootte van die oorspronklike beeld Stel die breedte en hoogte attribute in 	✓✓ (Enige twee)	(2)
8.8.1	Een ✓	(1)	
8.8.2	<ul style="list-style-type: none"> Daar is geen teks binne die tabel se data merker ('tag') nie Raam ('Border') attribuut is nie ingestel nie 	✓ (Enige een)	(1) (2)
			[15]

TOTAAL AFDELING B: 75

SECTION C

VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

9.1.1	<ul style="list-style-type: none"> • Gradeer die SVE ('CPU') op • Voeg meer ETG ('RAM') by • Vervang HDD met 'n SSD • Defragmenteer die hardeskyf ('HDD') • Stel die verwerkingspoed hoër ('Overclock') • Installeer 'patches' en dienspakette/Opdateer die bedryfstelsel • Maak onnodige programme toe • Verwyder virusse, ens. 	✓✓ (Enige twee)	(2)	
9.1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Kontroleer dat die kabel nie geskeur/gerafel is nie • Kontroleer dat die muis nie uitgeprop is nie/ingeprop is/Bluetooth aan is • Kontroleer of die battery nog gelaai is • Kontroleer of iets die ligsensor onder die muis blokkeer • Gebruik 'n ander muis om na te gaan of die muis foutief is • (Herlaai) om te kontroleer of die drywer behoorlik werk, ens. 	✓ (Enige een)	(1)	
9.1.3	<ul style="list-style-type: none"> • Wi-Fi NKK ('NIC')/Wi-Fi-kaart/Wi-Fi-dongel • Bluetooth dongel • 3G dongel, ens. 	✓✓ (Enige twee)	(2)	
9.1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Lae (klok)-spoed van die SVE/Intel Dual Core is ou tegnologie • Min ETG ('RAM') • Klein HDD • Lae resoluksie monitor • Ouer bedryfstelsel <p><i>(Nota aan nasiener: Moet nie slegs die naam van die spesifikasie aanvaar sonder dat uitgewys is wat daarmee verkeerd is nie, bv. SVE, ETG, ens.)</i></p>	✓✓ (Enige twee)	(2)	(7)
9.2.1	Videomateriaal neem enorme hoeveelhede stoor spasie ✓		(1)	
9.2.2	<ul style="list-style-type: none"> • Vee ou video's uit om vir nuwes plek te maak • Pas die instellings aan/kontroleer die instellings wat die oudste opnames outomaties uitvee • Skuif lêers na eksterne stoorplek/wolkberging 	✓ (Enige een)	(1)	

9.2.3	<ul style="list-style-type: none"> • Reikwydte mag beperk wees • Netwerkkonfigurasië kwessies • 'Crosstalk' mag op dieselfde frekwensie voorkom • Dalk makliker om te kraak ('hack') • Vereis batterye/alternatiewe kragbronne • Maklik om te steel <ul style="list-style-type: none"> • ✓✓ (Enige twee) 	(2)	(4)
9.3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Privaatheid van die slagoffers moet gerespekteer word • Sosiale media lekke ('leaks')/besprekings mag die voortgesette wetlike prosesse belemmer • Slagoffers van misdaad kan dalk aan onregverdig verdere viktimisering deur 'n veroordelende skare onderwerp word <ul style="list-style-type: none"> • ✓✓ (Enige twee) 	(2)	
9.3.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die onmiddellike aard van die kommunikasie/vinnige boodskappe/IM • Geslote groepe is handig en het verhoogde sekuriteit/privaatheid • WhatsApp is baie populêr/toep wat oral te vinde is en op amper almal se toestelle is • Kan 'n reeks multimedia goed hanteer, bv. om video-opnames van misdade te maak. • Kan vasstel ('track') of die boodskappe gelees is <ul style="list-style-type: none"> • ✓✓ (Enige twee) 	(2)	
9.3.3	Teks-na-spraak/skermlesers✓	(1)	(5)
9.4	<ul style="list-style-type: none"> • Rugsteun word in 'n ander plek gehou/Afgeleë rugsteun • Toeganklik op enige plek/enige tyd waar internettoegang is • Geen ekstra hardeware benodig nie/Goedkoper as ekstra stoorplek <ul style="list-style-type: none"> • ✓✓ (Enige twee) <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie outomatiese rugsteun/sinkronisering aanvaar nie)</i></p>		(2)
9.5.1	<ul style="list-style-type: none"> • Navrae • Filters • Verslae <ul style="list-style-type: none"> • ✓✓ (Enige twee) 	(2)	
9.5.2	<ul style="list-style-type: none"> • Beter uitleg/aansig van die rekord • Kan rekords een vir een sien • Skep 'n gebruikersvriendelike koppelvlak • Beperk die getal velde wat vertoon word <ul style="list-style-type: none"> • ✓ (Enige een) 	(1)	(3)

9.6.1	<ul style="list-style-type: none"> • Voeg 'n titel by • Voeg vertikale as etikette by • Voeg data-etikette by/wys getalle op stawe • Voeg kleiner ('minor') ruitlyne by • Voeg datatabel by • Voeg astitels by • Wys 'n duidelike verskil in die kleur/tekstuur van die stawe <p style="text-align: right;">✓✓✓ (Enige drie)</p>	(3)	
9.6.2	'n Sirkelgrafiek sal nie BEIDE datareekse reg kan vertoon nie ✓	(1)	(4)
			[25]

VRAAG 10: GEÏNTEGREERDE SCENARIO SCENARIO

10.1.1	'n Webblaaier✓ <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geskikte naam van 'n webblaaier)</i>	(1)	
10.1.2	Gebruik 'n toep✓ <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geskikte naam van 'n toep, kontak hulle.)</i>	(1)	
10.1.3	<ul style="list-style-type: none"> • Lê die GPS-koördinate vas • Plaas 'n speld op die plek op die kaarttoep • Neem foto's met geo-etikettering/Neem foto en doen fotosoektog <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	(2)	
10.1.4	Gebruik aanlyn vertalers/Google translate/Wys die taksibestuurder die bestemming op 'n kaarttoep, ens.✓		(5)
10.2.1	Te min resensies beskikbaar om 'n veralgemening te maak ✓ Resensies word deur besigheidseienaar gedoen/Resensies is dalk partydig/onakkuraat ✓	(2)	
10.2.2	<ul style="list-style-type: none"> • Jou bank is aflyn ('offline')/Tegniese probleme by die bank • NVK ('NFC')/Wi-Fi/'mobile data' is af • Verkeerde OTP/eenmalige PIN ingesleutel • Daar is nie internettoegang nie/Datatoewysing is uitgeput • Hardeware faling van die foon <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie slegs "tegniese probleme" aanvaar nie)</i></p>	(2)	
10.2.3	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker dat niemand kyk as jy jou PIN insleutel nie • Verseker dat geen ekstra items ('fitting') op die kaartleser aangebring is nie/Wees versigtig vir kaartkloningtoestelle • Maak seker dat die kaart in jou teenwoordigheid gebruik word/Gebruik 'tap to pay' • Gebruik betaaldienstoepe/toestelle bv. Zapper • Moenie hulp van enigeen aanvaar nie/Moenie dat jou aandag afgetrek word wanneer jy jou PIN insleutel nie <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	(2)	(6)
10.3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Het 'n kleiner sensor • Laer kwaliteit/kleiner lens • Beperkte optiese zoem • Flits (flash) is nie so doeltreffend nie • Minder met die hand beheerbare kontrole-opsies <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie laer/swakker kwaliteit foto's of verwysings na resolusie aanvaar nie.)</i></p>	(2)	

10.3.2	<ul style="list-style-type: none"> • Geen GPS/Internetkonneksie nie • Kaarte van die grotte bestaan nie <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	(1)	
10.3.3	<p>Gebruik die 'snipping tool'/Sny die prent kleiner ✓ Vee 'n gedeelte in 'n fotoredigeerprogram/-toep, bv Paint uit ✓ <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar oorlê/groepering ens. van prente. Moenie slegs om te redigeer/te photoshop aanvaar nie.)</i></p>	(2)	(5)
10.4.1	<ul style="list-style-type: none"> • Spaar op datakoste • Kan 'n beter/meer stabiele konneksie verskaf • Minder wagtyd gedurende die oproep/Laer latensie <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	(2)	
10.4.2	<p>Jou rekenaar/toestel kan gekraak ('hacked') word op 'n openbare netwerk ✓ 'n Kwaadwillige ('Rogue') Wi-Fi toegangspunt kan opgestel word om jou private inligting te steel ✓</p>	(2)	
10.4.3	<ul style="list-style-type: none"> • Satellietbreëband is normaalweg op 'n vaste plek/nie mobiel nie • Te duur in vergelyking met ander koppelingsopsies ('connectivity options') • Siglyn is 'n beperking/Weerstoestande kan seinkwaliteit affekteer <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>	(2)	
10.4.4	<ul style="list-style-type: none"> • Lae resolusie webkamera/kamera • Lae resolusie monitor <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	(1)	
10.4.5	<p>Deel die lêer met foto's met familie en vriende ✓ Gee jou wagwoord vir die wolkrekening aan hulle ✓</p>	(2)	(9)
			[25]

TOTAAL AFDELING C: 50

GROOTTOTAAL: 150